PNHS

VOOR IN DIE WAPAD BRAND 'N LIG

# HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

**8 Desember 2020**

**OB: 42 / 2020**

**Geagte ouers**

## 1. Graad 12 herskryf van Wiskunde en Wetenskap

Almal is reeds bewus van die polemiek rondom die herskryf van hierdie vraestelle soos bekend gemaak deur die minister van Basiese Onderwys op Vrydag, 4 Desember 2020.

Neem kennis dat dit vir ons net so groot teleustelling is dat 99% leerders en skole wat geensins betrokke was nie, saam met minder as 1% gestraf word en dat ons leerders se uitmergelende jaar nog langer uitgerek word.

**Ons advies is egter dat dit beter is vir ons leerders om te beplan en voorbereid te wees vir die herskryf van die vraestelle as om al ons hoop te plaas op moontlike hofinterdikte, wat moontlik kan slaag of nie. Lees ook FEDSAS se baie insigewende nuusbrief, soos vir u aangeheg. In die lig hiervan wil ons werklik ons leerders aanbeveel om hierdie gebeure eerder as 'n geleentheid te beskou om punte te verbeter, as 'n terugslag!**

**Datums vir herskryf, soos ontvang:**

- **15 Desember 2020 = Wiskunde vraestel 2 om 14H00.**
- **17 Desember 2020 = Fisiese Wetenskap vraestel 2 om 09H00.**

**Dankie ook aan ons personeel wat bereid is om ons graad 12's te ondersteun in hul voorbereiding:**

- **Me. Agenbag sal 'n hersieningsessie vir die Fisiese Wetenskap leerders in die saal aanbied op 16 Desember 2020 vanaf 08H00 – 13H00.**
- **Mev. Erasmus sal op Woensdag, 9 Desember 2020 vanaf 12H00 – 14H00, 'n teorie sessie vir Wiskunde vraestel 2 in die saal aanbied.**

  **Dieselfde sessie vir Wiskunde vraestel 2 teorie sal ook op Donderdag, 10 Desember 2020 vanaf 12H30 – 14H00 in die saal aangebied word vir leerders wat Woensdag moes voorberei vir Gasvryheidstudies van Donderdag.**

  **Mev Erasmus sal ook op Maandag. 14 Desember 2020, vanaf 09H00 – 12H00 in die saal 'n verdere hersieningsessie aanbied waartydens vraestel 2 uitgewerk sal word.**

## 2. Rapporte graad 8 – 11 op 15 Desember 2020

Net die volgende inligting om die proses vlot en binne regulasies te laat verloop:

- **Slegs leerders sal toegelaat word by die Berglaanhek vir inteken.**
- **Ten einde 'n toeloop en verkeersopeenhopings te verhoed vra ons dat:**
  **Graad 8 en 9 hulle rapporte sal afhaal vanaf 08H00 – 09H00**
  **Graad 10 en 11 hulle rapporte sal afhaal van 09H00 – 10H00.**
- **Rapporte word in voogklasse uitgedeel.**

## 3. Beplanning 2021

Geagte ouer neem kennis dat ons op 15 Desember 2020 wel ook 'n verdere skrywe sal laat uitgaan oor die hantering van die 2021 skooljaar.

Vriendelike groete



Mnr. CJC Driescher
Hoof

FEDSAS | Newsletter Nuusbrief

NATIONAL | NASIONAAL

67 van 2020 | 07-12-2020

## Geagte lede

## Herskryf van vraestelle die enigste uitweg om integriteit te behou, so kom ons ondersteun leerders

Die integriteit van die matrieksertifikaat oor die lang termyn weeg swaarder as die korttermyn-ontwrigting wat die herskryf van twee eindeksamen-vraestelle meebring. Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS) sê die organisasie het groot deernis met derduisende leerders wat eerlik vir die vraestelle voorberei en aan die eksamens deelgeneem het en nou weer die hele proses moet herhaal.

"Met die ontwrigting van Covid-19 wat reeds 'n lang skaduwee oor die 2020-skooljaar gooi, kan matrieks nie bekostig dat die integriteit van die matrieksertifikaat in twyfel getrek word nie. Matriekuitslae speel 'n groot rol in 'n leerder se toekoms. Ons kan nie bekostig dat die persepsie ontstaan dat die 2020-uitslae met 'n knippie sout geneem moet word nie. Die herskryf van die twee vraestelle is dus noodsaaklik vir hierdie leerders se toekoms," sê dr. Jaco Deacon, adjunkhoof van FEDSAS.

FEDSAS was deel van 'n reeks vergaderings met die minister en die direkteur-generaal van basiese onderwys oor die opsies vir oorweging rondom die uitlek van die vraestelle. "Dit is duidelik dat daar geen ander uitweg is om die integriteit van die Nasionale Senior Sertifikaat te beskerm nie. Veral die gehalteversekeringsraad Umalusi se kommer was deurslaggewend in die uiteindelike besluit." Die eksamenowerheid Umalusi moet eksamenuitslae as geloofwaardig verklaar na afloop van die matriekeksamen. "Die klas van 2020 moes reeds soveel uitdagings die hoof bied. Die derduisende eerlike leerders verdien

© FEDSAS

"The leaders in school governance and management"

"Die leier in skoolbeheer en -bestuur"

beslis nie wat nou na hulle kant toe kom nie. Terselfdertyd kan die klas ook nie bekostig dat die geloofwaardigheid van hul uitslae in twyfel getrek word nie," sê Deacon.

FEDSAS doen 'n beroep op die skoolgemeenskap om hierdie leerders by te staan met tyd en toegang tot 'n stil omgewing vir voorbereiding en die voorsiening van materiaal wat dalk reeds vernietig is of nie maklik bekombaar is nie. "Bowenal is dit ons almal se plig om hulle emosioneel by te staan, moed in te praat en te help om te verstaan waarom dit so uiters noodsaaklik is dat die vraestelle herskryf word. Veral ná 'n jaar soos hierdie sien almal uit na 'n bietjie rus en vrede en dit is dalk moeilik om nou die groter prentjie raak te sien. Ouers, voogde, onderwysers en die breër skoolgemeenskap se taak is nou om hierdie leerders te help om die beste van 'n tweede kans te maak." Leerders wat dalk reeds die laaste week van die eksamen in ander provinsies is, moet dringend met hul skool en departement skakel om versoeke te rig om in ander eksamenlokale te skryf. FEDSAS het die minister en departement versoek om 'n behoorlike mediaveldtog van stapel te stuur om direk met ouers en leerders te kommunikeer.

FEDSAS veroordeel ook enige oproepe dat leerders die herskryf moet boikot. "Dit is bloot onverantwoordelik en selfsugtig en dui op 'n minagting van hierdie leerders se regte. Dit plaas hulle toekoms op die spel vir politieke gewin."

Deacon sê FEDSAS erken terselfdertyd ook elkeen se reg om die billikheid van die besluite in die hof te toets. "Ons sal die proses fyn dophou, maar leerders moet intussen vir die eksamens voorberei. FEDSAS het uit die staanspoor versoek dat die ondersoek volledig moet wees en dat alle skuldiges die strengste moontlike straf opgelê moet word."

Wat die besluit oor die herskryf van die eksamens betref, steun FEDSAS egter die Departement van Basiese Onderwys. "Daar is nie 'n ander uitweg nie, hoe moeilik dit ook al mag wees - die integriteit van die eksamen bly deurslaggewend."

**Jaco Deacon**

**Adunk uitvoerende hoof**

U het hierdie e-pos ontvang omdat u op die skoolbeheerliggaam van 'n FEDSAS lidskool is.
You are receiving this email because you are on the school governing body
of a FEDSAS member school.

© FEDSAS
"The leaders in school governance and management"
"Die leier in skoolbeheer en -bestuur"